
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

## *DATUM: 26 Januarie 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorging
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Kerklike Tydskrifte
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Ow. 02, Ow. 03 & Ow. 04

**Volgende week:** Ow. 026/07, Ow. 09 & Ow. 11

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

Indien jy nie alreeds Maandag kan bywoon nie, laat weet asseblief die kerkkantoor sodat ons jou naam op die groep kan plaas.

## Vergaderings

**Vandag:** Wyksuster Toerusting

**Maandag:** 8:00 Adminvergadering

**Dinsdag:** 18:00 Jeugkommissie

**Donderdag:** 18:00 Projektekommissie.

**Volgende Sondag:** Breë-kerkraad
Sustersbestuur

## Huisbesoek

**Komende week:** Ell. 04

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Katkisasie

**Vandag:** Les 1

**Volgende week:** Les 2

**Woensdag:** Begin eers 5 Februarie

## Ons Groet....

Vertrek met attes na GK Matlabas

- Pieter & Annemie Pretorius
- Sumari Pretorius



## Skinkbeurte

**Sondag 26 Januarie:**
**<u>Onverwacht 02</u>**
Elizma Aucamp, Amanda Grobler,
Frieda Kruger, Yvonne Nel, Helna Steyn
& Weidie Weideman.

**<u>Onverwacht 03</u>**
Rina Kuhl, Kaylee Roux, Lien van der Walt,
Ilze-Mari van Eeden
& Nicolette van Staden.

**<u>Onverwacht 04</u>**
Anneke du Plessis, Marina du Plessis,
Riekie Elmes, Edith Nel, Marie van der
Merwe, Marelize Wagener & Nellie
Wagener.

---

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 26ste | Niël Roux | Ell. 06 |
| 28ste | Susan du Plessis | Weltevrede |
| | Theunes du Plessis | Monico/Palala |
| 29ste | Vanessa du Plessis | Ow. 12 |
| | Petra Grobler | Ell. 06 |
| 30ste | Elanè Erasmus | Ow. 16 |
| | Joshua Wagener | Ow. 04 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

---

## Vanaf die Susterbestuur

### Wyksuster Toerusting

Daar vind vandag na die erediens 'n Wyksuster Toerusting plaas. Ds. Christiaan gaan dan die werking en pligte van die wyksusters bespreek. Die Wyksusters sowel as die Sustersbestuur moet asseblief bywoon.

### Sustersbestuursvergadering

Volgende Sondag na die katkisasie

### Wegneem ete's

Die susters gaan weer maandeliks wegneem ete's verkoop by die kerk. Die eerste verkoping vir 2025 sal 28 Februarie plaasvind. Hou die Skakel dop vir meer inligting, sal ook per Whatsapp die besonderhede uitstuur.

---

## Vanaf die Jeugkommissie

### Koffiekroeg

Sondag 2de Februaie na die aand erediens

---

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*En ek het die hele skepping – in die hemel, op die aarde en onder die aarde, op die see, en alles wat daarin bestaan – hoor uitroep: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die sterkte, vir ewig en ewig."*

*Openbaring 5:13*

# Preekvoorligting Sondag 26 Januarie 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 92:2,6;
Ps. 92:7;
Ps. 139:1,2;
Ps. 119:50;52;
Ps. 119:53,55.
**Lees:** 2 Kor. 2:14-3:18.
**Teks:** 2 Kor. 3:2.
**Tema: As getuienis van Christus moet ons sigbaar en leesbaar vir alle mense wees.**

***Die Skrywer van die brief.***
In die Bybel word die kerk met verskillende beeld beskryf. In die brief aan die Korintiërs beskryf Paulus die kerk met die beeld van ‘n aanbevelings brief. Die gemeente is die getuigskrif van hulle as apostels se werk in hulle daaglikse bestaan. Wanneer die gemeente hoor dat hulle die brief is, is dit belangrik dat hulle sal verstaan dat Christus die Skrywer van die brief is. Hy is die Een wat besig is in hulle bestaan en Hy skryf deur die werking van sy Gees in hulle midde op die vleestafels van hulle hart.

***Die inhoud van die brief.***
Die Skrywer van die brief is duidelik aan die gemeente verkondig, maar die vraag is nou wat die inhoud van die hierdie getuienis brief is. Die brief is nie ‘n getuienis van die gemeente se sterkpunte nie. Die hoofsaak is nie die kerk of die mense in die kerk nie, maar die heerlikheid van God. Dit wat op die vleestafels van die hart geskrywe is het alles te doen moet die heerlikheid van God soos dit in Christus duidelik word. Sy verlossing, sy koningskap, sy roeping is die dinge waarvan ons moet getuig

***Die lesers van die brief.***
Die Skrywer en die inhoud van die brief laat dit ook duidelik word aan wie die brief gerig. Alle mense is die lesers van hierdie brief wat deur Christus geskrywe is wat van die heerlikheid van God  getuig. Dit bevestig weer ons roeping dat ons sal verstaan dat die wêreld die kerk sien. Dan is die vraag waarvan getuig ons in die wêreld. Die eis van God dat ons Hom moet liefhê en ons naaste soos ons self moet uiteindelik sigbaar en leesbaar vir alle mense rondom ons wees.

# Preekvoorligting Sondag 26 Januarie 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 104:1,2,4,5;
Ps. 19:3,4;
Ps.19:5,6
**Lees:** Rom. 7:1-12
Son 2.
**Teks:** Rom. 7:7;
Son 2.
**Tema:** **Die kennis van ons ellende word deur God se wet aan ons openbaar.**

***Die kennis van ons ellende***
In Sondag 2 van die Kategismus word ons geleer dat daar ‘n duidelike verband tussen die kennis van ons ellende en die wet van die Here is. Om deel te kry aan die versoening wat ons in Christus ontvang het moet ons ‘n deeglike besef van ons sonde hê. Wanneer ons besef hoe sondig ons is besef ons ook hoe diep droewig en ellendig ons situasie is, want dit is deur die sonde wat die dood in die wêreld ingekom het. die dood is nie net die liggaamlike dood nie, maar die geestelike dood, waarin ons verwyder is van God. Ons kan alleen onder die kennis van ons ellende ken wanneer ons onsself teen die wet gaan spieël. In die wet van die Here eis Hy van ons liefde, vir Hom en ons naaste, maar ons is geneig om God en ons naaste te haat.

***Die aard van ons ellende***
Haat is die teenoorgestelde van die liefde, en dit het in die lewe van die sondaar mens oorgeneem. Wanneer ons die wet van die Here hoor dan kom ons daarin agter dat die Here van ons liefde vir Hom en ons naaste eis, maar uit onsself is ons so vervul met haat dat ons dit nie kan nakom nie. Nou is dit juis hier wat daar vir die kind van die Here besondere troos lê. dit is die wete dat ons nie uit onsself aand ie eis van die liefde kan voldoen nie wat ons besef dat ons ons na hierdie gehoorsaamheid buite onsself moet soek. Ons het ‘n Middelaar nodig wat ons opnuut verseker van God se liefde. Daardie liefde wat Hy in Christus aan ons betoon het.